Holland ontdek ons Laurika

Sing voor 13 000 in Utrecht

Hulle't gelag vir ons dubbele 'nie', maar hulle was mal oor die Afrikaans toe Laurika Rauch onlangs in Nederland opgetree het.

Deur LYDIA VAN DER MERWE

LAURIKA RAUCH lêet 'n lag wat ewig van jou 'n vriend maak. Sy sit tee voor wat na kaneel smaak en tuisgebakte lemoenkoek. Sy laat jou sit in die gemaklikste stoel, neffens 'n slapende kat met gehawende ore. Daar is kinders en daar is honde, en hulle wag ongeduldig op haar aandag.

Daar kleef 'n rustigheid aan haar wat uitkring na haar omgewing: die huis, in 'n landelike omgewing net buite Pretoria, wat bekoor met sy bont spatsels kleur, die tuin met sy ou bome en baie voëls. En verder weg, die kronkelende, smal teerpad met hoë bome en groen landerye weerskante, waar sy vertel sy telkens vrede kry as sy daar verbyry.

Sy is rustig, ja. Maar as sy aan die werskaf raak, dan skarrel sy.

"Ek kan met vervaardheid die dag invaar met die behoefte en die doel om aan die einde daarvan te kan sê: 'Ja, ek het baie gewerk. Ek het baie uitgerig.' Ek probeer om elke dag vol te maak met sinvolle dinge."

Gelykmatig? Dit is sy beslis ook nie altyd nie.

Sy sê sy raak met tye emosioneel en kan geweldige reaksies op sekere dinge toon. Maar sy dissiplineer haarself. Chris Torr, haar man en hoogleraar in ekonomie aan die Universiteit van Suid-Afrika, is die gelykmatige een. "Hy is te gaaf om ooit temperamenteel te wees."

Haar liedjies is nostalgies, roerend, eerlik. Dikwels ook met 'n tikkie hartseer. Dis die musiek van iemand wat al oor 'n ding of twee nagedink het. Bles- en Bach-aanhangers luister ewe opgewonde na haar. Sy sê sy probeer bloot mense se emosies aanspreek en dis tog universeel.

NOU het die Nederlanders haar ook ontdek. 'n Kruis tussen Bette Midler en Barbra Streisand, 'n ster van wêreldgehalte, aldus Stan Huygens, invloedryke rubriekskrywer van *De Telegraaf*, 'n koerant met 'n leserstal van drie miljoen.

In die rubriek het hy ruiterlik erken hy het trane in sy oë gekry toe hy haar hoor sing het. En dat hy nog nooit iemand gehoor het wat Brel se musiek só briljant vertolk behalwe Brel self nie.

Dit was toe sy onlangs die Kaapse Kosmaand van die Jan Tabak-Hotel in Amsterdam amptelik met 'n kabaretprogram geopen het. Izak Lesch, 'n Kaapstadse restaurateur, het die ete berei.

"Ek het my so tuis gevoel, hy het 'n snoekgereg voorgesit wat nes huis geproe het."

En in Desember verlede jaar het sy by 'n Kersgala in Utrecht saam met die Metropole-orkes voor 13 000 mense opgetree. "U sal my verskoon as ek in alle beskeidenheid sê dat sy my ontdekking vir Nederland is," was die kommentaar van Gerrit den Braber, omroeper by Nederland se grootste radiostasie, Avro. Dit was Den Braber wat haar musiek op die radio begin speel het. En daar was so 'n oorweldigende reaksie van luisteraars dat hy besluit het sy moet Nederland besoek.

Met haar besoeke het sy waardevolle kontakte gemaak. Want die deure is oopgegooi vir Suid-Afrikaanse kunstenaars en daar is 'n mark wat braak lê.

Toe sy boonop sien hoe Afrikaans hulle bekoor, het sy met nuwe oë daarna begin kyk.

"Hulle het nie belang gestel dat ek in Nederlands, Vlaams of Engels sing nie, hulle wou hoor wat ek op Afrikaans doen. Terwyl ek praat, sou hulle gedurig gewone uitdrukkings uitlig en hulle daaraan verwonder. Hulle dink die taal is so kompak, so modern.

"Hulle vind veral Afrikaans se dubbele negatief baie sjarmant. In Utrecht het ek onder meer *Moenie weggaan nie*, Fanus Rautenbach se vertaling van Brel se *If you go away*, gesing. Toe ek dit aankondig, bars die hele gehoor uit van die lag. Die lag het nog so gerimpel toe die eerste note opklink.

"Miskien het hulle besef Afrika is nie so 'n vreemde kontinent nie, dat hulle tog aan dié eksotiese kontinent verbind is.

"Vir my het dit 'n nuwe blik op my moedertaal gegee. Dis die taal wat ek praat, die uitdrukkingsvorm van my kuns, my liefdestaal teenoor my man en kinders. Nou het daar 'n dieper trots bygekom, 'n besef dat dit regtig spesiaal en uniek is."

Chris het saamgegaan; sy sou dit nooit sonder hom gedoen het nie.

"Veral in die vreemde is daar baie laaste-minuut-besluite wat geneem moet word. Ek sou nie aan alles kon dink en nog op die aand se vertoning ook kon konsentreer nie. Dit was lekker om met Chris daaroor te kon praat. Hy sou 'n grappie maak of iets namens my behartig. Ek hou daarvan om op my werk te konsentreer en ek is in elk geval nie baie goed met die sake-deel nie. Hy is."

DIE Nederlanders was ook gaande oor *Hot gates*, wat Laurika die eerste keer in Desember in After Dark in Pretoria gesing het. Dis nog nie op 'n album nie. Chris het dit geskryf, en ook daarom is sy bly hy was saam in Nederland. Want skaars het mense haar gelukgewens met die vertoning, of hulle het weggeval met "maar daardie *Hot gates* . . ."

Dit gaan oor die oorloë wat die mensdom oor die eeue heen geveg het, van Carthago tot Hirosjima en Sharpeville. Stan Huygens reken dit kan 'n wêreldwye treffer word.

Chris het natuurlik van haar grootste treffers – soos *Mannetjies Roux* en *Op Blouberg se strand* – geskryf. Laurika gebruik ander liedjieskrywers se werk ook en toonset self " 'n liriek of twee". Deesdae minder as vroeër.

"As ek 'n liriek of gedig lees, hoor ek die musiek in my kop. Saam met die belewing van die woord, is daar ook 'n musiekbelewenis.

"Ek dink tog dat ek dinge musikaal ervaar. Enige ontmoeting of wisselwerking met mense, ook 'n gesprek soos dié, kompleet met frasering, ritme en stoppunte."

REGS: Laurika met iets eie aan Nederland: pragtige tulpe wat sy saamgebring het.

Foto: NARDUS NEL

Sy gebruik haar intuïsie by die keuse van liedjies (en ook elders in haar lewe). Sy het al haar moses teëgekom die tye dat sy dit nie gedoen het nie. Soos 'n sekere *country*-tipe plaat, wat sy liefs sou wou vergeet.

"My ma het my geleer: as jy twyfel, moenie. Sy het my die selfvertroue gegee om my intuïsie te volg. Vir 'n skeppende loopbaan werk dit."

Oor haar uitstekende kommunikasie met gehore sê sy sy berei haar voor op die gesprek wat sy met hulle gaan hê. En dan gebruik sy alles tot haar beskikking, tegnies en emosioneel, om sinvol te gesels.

"Ek probeer myself stroop van alle onsin sodat ek by die kern van kommunikasie met die gehoor kan uitkom."

IN gesprek is sy 'n oop en spontane geselser; tog het sy al vantevore gesê onderhoude met die pers is soos 'n eksamen. Dié onderhoud met *Sarie* was haar eerste in 'n lang tyd. Sy sê dis harde werk, want jy het 'n verpligting teenoor die lesers, soos teenoor 'n gehoor. Dis mos maar dieselfde mense. Die lekkerste gesels met Laurika kom dan ook as jou notaboekie toe is.

Sy is ook vasbeslote om haar gesin uit die kollig te hou. Dus: geen foto's van Chris, Nina (7) en Simon (11) nie.

"As my kinders se gesigte bekend word, moet dit wees danksy iets wat hulle self gedoen het. Ek gun hulle 'n sekere anonimiteit. Jackie Onassis het dit suksesvol reggekry; sy het haar kinders heeltemal uit die kalklig gehou totdat hulle volwasse was. Dis iets om na te streef, sodat my kinders op hulle eie kan ontwikkel. Ek is maar bietjie soos 'n ma-hen.

"Dis ook nodig om huis en werk te skei om albei goed te doen. As ek die twee meng en daar is 'n gedurige toeloop van werkverpligtinge by die huis, sal daar nie vastigheid, 'n struktuur, aan ons bestaan wees nie. Ek gun my kinders meer.

"Ek was diep in die twintig toe ek bekend geword het. Sedertdien was daar al tye dat dit moeilik was net om kop te hou. Ek het die voordeel van jare se ervaring gehad om my nie deur die werk te laat onderkry nie. Hulle het dit nie.

"As ek my werk en huis skei, kan ek ook gekonsentreerd werk met die wete dat my huis goed versorg is. Dan is dit net werk." Sy beduie na die blouoog Nina wat onder haar arm kom inklouter het. "Dis nou 'n gevaarlike oorvleueling hierdie." Met 'n stywe druk vir Nina.

SY het in oom Hannes Uys se sangkring in Pinelands, Kaapstad, begin sing toe sy vyf was. Op tien het sy haar eerste solo op 'n Kersplaat gesing. "Josef liewe man van my, help my wieg die kind aan my sy . . ." Met so 'n hees stemmetjie wat so asemhaal, beduie sy.

Tot in matriek het sy musiek as vak gehad, maar sy was nie lus om die res van haar lewe agt tot tien uur per dag te oefen nie. Toe het sy drama aan die Universiteit van Stellenbosch gaan studeer.

Agt jaar gelede het sy by die Johannesburgse sangdosent Sarie Lamprecht onderrig begin kry. Sy sê tóé eers het sy begin agterkom wat sy moet doen en hoe sy dit moet doen. Vroeër reeds het haar groot deurbraak gekom met Koos du Plessis se *Kinders van die wind*.

Sy sê Afrikaanse musiek het haar gekies, nie andersom nie. Dit was met die oplewing van Afrikaanse musiek in die laat jare sewentig. Dieselfde dinamiek het toe gegeld as met die "alternatiewe" Afrikaanse musiek in die laat tagtigerjare.

"Daar was geweldige mediadekking. Dit het my meegevoer.

"Met my drama- en speelagtergrond was Afrikaanse poësie nog altyd vir my ongelooflik. Dit was natuurlik dat ek my met goeie Afrikaanse lirieke en musiek sou besig hou."

Toe sy pas begin bekend raak het, was sy op *Sarie* se voorblad, getooi met gekrulde hare, de lot. Haar bure van destyds loop hulle toe op die lughawe vas teen 'n reuseplakkaat van Laurika op *Sarie*. Hul reaksie? Hulle het uitgebars van die lag. 'n Opgesmukte Laurika rym net nie. Nege albums later nog steeds nie.